NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2023

AFDELING A LETTERKUNDE

DRAMA

VRAAG 1 *Die dag is bros* deur Wessel Pretorius

***LW:* Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

Titel:
- **Eie, gepaste titel** wat die kandidaat se siening vasvang. (Die titel is opsioneel – m.a.w. as kandidaat geen titel gegee het nie, mag hulle nie benadeel word nie. Dit is egter tog 'n aanbeveling.)

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en dramaturg** te verwys, bv. *In Wessel Pretorius se drama Die dag is bros [onderstreep in handgeskrewe teks] (2017) ...*
- **Formuleer betoog** *... is die titel van hierdie onthullingsdrama inderdaad geslaagd. Nie net vang dit die karakters se brose herinneringe aan die verlede vas nie, maar dit dui as voorafskaduwing van die dag waarop die handeling self plaasvind aangesien al die karakters hulle weerloosheid in die lig van verhoudings, geweld, sosiale gapings en klasverskille moet konfronteer. Meer nog, teatergangers moet hierdie breekbaarheid van hulle eie bestaan binne 'n gebroke samelewing in die gesig staar.*
- Verwoord **hoofargument** n.a.v. beplanning.

Paragrawe:
- Verskillende argumente word hier aangevoer wat die hoofargument (wat in die inleiding aan bod gebring is) ondersteun.
- In elke paragraaf word 'n argument bespreek en ondersteun met verwysings na en/of aanhalings uit die drama.

Moontlike argumente wat aangevoer kan word: (Opskrifte slegs as hulpmiddel vir nasieners.)

Titel self:
- *Bros beteken "hard, maar kan maklik breek"; "breekbaar" = (figuurlik) onseker, swak, verganklik.*
- *Die woord 'bros' word dikwels in terme van kos gebruik (bv. "broskors" of die tekstuur van geregte). Dit vind aansluiting by die kombuisruimte waarin die drama fisies gesitueer is. Die luuksheid van die voorbereiding van 'n driegangmaaltyd, die sjampanje en die koek staan in direkte kontras met Brian se verlede.*
- *Ten spyte van die werkwoord "is", kan "dag" na meer as een van die "deurslaggewende dae" in die drama verwys: Brian se agtiende verjaardag; die dag waarop Tertius geskiet is; die Kersdag waaraan Tertius terugdink; ens.*
- *Die titel sluit aan by die twaalfjarige Tertius se opmerking: "Onder in die swembad voel die dag nie ... Voel die dag nie asof dit enige oomblik kan breek nie ... Bros? Ja, ek dink die beter woord is bros. Anyway, alles is bymekaar en koel en veilig onder in die swembad." (25)*
- *Interessant ook is die bg. swembadgegewe waarbinne die titel aan bod kom. Dit onderstreep die middelklasbestaan (swembaddens is 'n luukse) waarbinne Tertius 'n gevoel van veiligheid ervaar. Gesien teenoor die arm, gewelddadige verlede waarbinne Brian grootgeword het, word die onregverdige gaping tussen bevoorregtes en agtergeblewenes ook hierdeur aanhangig gemaak.*

Karakters se broosheid:

- *ELSA, Tertius se ma, was voorheen 'n dosent in Afrikaanse letterkunde en sy vind veral geborgenheid in die veiligheid van woorde (veral poësie). Sy loop met een kruk wat sy kan neersit en waarsonder sy vir kort rukkies kan klaarkom. Hierdie kruk is simbolies van die gebrokenheid wat die gewelddadige moord op haar seun (en sy vriendin) ook op 'n psigologiese vlak by haar gelaat het. Sy bak 'n verjaarsdagkoek en berei 'n driegangmaaltyd voor ter viering van Brian se verjaarsdag waartydens sy en haar seun Tertius onthullende oomblikke in hulle verlede uitspeel. Soos die teaterganger bewus word van die feit dat Tertius reeds oorlede is, word die verganklikheid van hierdie herinneringe al hoe duideliker.*
- *TERTIUS is Elsa se seun. Hy is twintig jaar oud, hoewel vroeër tonele uit sy lewe ook uitgebeeld word. Hy is 'n aspirantskrywer. Die broosheid van hierdie karakter lê nie net in die onskuld van die jonger Tertius of sy brose grootwordjare nie (Tertius is alles behalwe 'n stereotipiese tiener), maar ook daarin dat hy nie in werklikheid meer lewe nie. Hy figureer dus as die versinnebeelding van Elsa wat hom oproep asof hy steeds deel van haar lewe is – nog 'n kruk wat sy gebruik om die trauma van die verlede te verwerk. Tertius is Elsa se verlore liefdesobjek, maar hy is in der waarheid slegs 'n illusie: "Oor hom? Oor Brian? Jy kan sekerlik nie jaloers wees nie. Nie oor Brian nie. Hy was nooit hier om jou te vervang nie." (34)*
- *IRMA is 'n verpleegster wat Elsa versorg en bystaan. Irma is vanuit haar beroep iemand wat help om fisiese sowel as emosionele gebrokenheid gesond te maak. Sy het Brian juis aan Elsa voorgestel as 'n manier waarop Elsa die trauma van Tertius se dood kan verwerk. By monde van hierdie karakter veral, word die gebroke samelewing openbaar gemaak.*
- *BRIAN is 'n jeugmisdadiger wat 'n tweede kans onder Elsa se vlerk gegun word. Dit is sy agtiende verjaarsdag. Nie net word sy armoedige grootwordjare onthul nie, maar ook natuurlik sy betrokkenheid by die moord op Tertius en Karien. Die broosheid van sy verhouding met Elsa is die spil waarom die gebeure van die dramatiese hede afspeel.*

Slot:

- Hoofpunte word saamgevat – **kom tot 'n eindbetoog**. (**Die stelling** word finaal **bewys of afgekeur**, volgens vraag).

  Die titel van die drama vervat die brosheid van die dag waarop die handeling plaasvind asook die blywende wonde wat die traumas van die verlede tot gevolg het. Meer nog, wil dit ook die gebrokenheid van ons gewelddadige en ongelyke samelewing opsoek. Die drama beweeg van die ontkenning van trauma na 'n staat van erkenning en aanvaarding. Brian is tot 'n mate 'n substituut/plaasvervanger vir Tertius, maar dit is ook slegs 'n illusie, aangesien hy direk betrokke was by die oorsaak van die trauma. Elsa besef dat die substituut nooit die oorspronklike kan vervang nie en begryp weldra die onontkombaarheid van die waarheid. Sy probeer onsuksesvol om te onderhandel, maar die drama eindig met 'n dubbele verlies/afskeid in die karakters van beide Tertius en Brian. Hierdeur word teatergangers ook met hulle eie traumas en verliese gekonfronteer aangesien ons gedwing word om ook ons eie broosheid in die gesig te staar.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 2 *Die verevrou* deur Jan van Tonder

***LW:* Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

Titel:
Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Jan van Tonder se roman Die verevrou [onderstreep in handgeskrewe teks] (2019) ...*

Formuleer onderwerp: *... is daar verskeie **fisiese** en **emosionele grense** wat deur karakters oorgesteek moet word. Karakters beweeg fisies tussen verskeie lande; vir werk of as vlugtelinge, maar ook dikwels in 'n soeke na hul eie identiteit en die liefde. X, Y (name van 2 karakters wat ondersoek word) en Liora Papalato word dikwels gedwing, maar kies ook soms self om geografiese sowel as emosionele grense te oorbrug in hulle onderskeie reise deur die lewe en die dood.*

- Vooruitwysing na hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrawe:
- Verskillende karakters word bespreek.
- Elke paragraaf hanteer 'n aspek/raakpunt – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.

(Hieronder volg kort aantekeninge oor sommige karakters uit die roman wat geografiese en/of emosionele grense moes oorsteek.)

- ***Allessandra Hardy** steek nie noodwendig enige geografiese grense oor nie (sy bly regdeur die roman op die plaas Finisterre), maar as bevryde vrou in 'n tyd toe vroue nie werklik beroepe beoefen het nie, steek sy tog gendergrense oor. Sy bestuur haar eie besigheid en het verskeie werkers wat haar help om modeskeppings te maak. Liora bewonder haar kleredrag en onafhanklikheid. Die retoriek dat sy te mannetjiesagtig is, kom duidelik na vore: "daar het baie mans na haar gevry, vroeër dae, maar nes dit lyk of daar iets van gaan kom, wou hulle hê sy moet verander: meer vroulik wees, sagter. Hulle het haar interessant gevind, maar te onafhanklik." (bl. 121–122). Alessandra het dus die heersende beeld van wat 'n vrou behoort te wees, uitgedaag.*
- *Binne die streng patriargie, maar ook gedurende Apartheid, wil **Lokman Amat** graag hê dat Candice moet gaan studeer en sit van vroeg af geld hiervoor weg. Hy staan ook nie haar verhouding met Walter teë nie aangesien hy daarin glo dat haar hart belangriker is as landswette. Hy werk op verskeie plase in die omgewing, maar as gevolg van sy karige inkomste en lae sosiale status is daar nie juis geleentheid om geografiese grense oor te steek nie.*

IEB Copyright © 2023

- ***Moshe Habib*** *steek wel landsgrense oor en werk in Suid-Afrika, Algerië asook in Frankryk. Hy is in die Klein-Karoo gebore, maar werk as handelaar in Algerië (waar hy later betrokke raak by die oorlog en vlugtelinge help om op die skip na Frankryk te kom). As Jood word hy ernstig in Frankryk beseer na hy aan 'n betoging saam met die Moslem-gemeenskap deelneem, maar die grootste emosionele grens wat hy oorsteek is in sy verhouding met 'n getroude vrou, Charlotte Papalato (Liora se ma). Charlotte sal nooit van haar man skei nie (sy is streng Katoliek), maar dit keer Moshe nie om haar (en haar kind) heelhartig lief te hê nie. As ou man terug in die Karoo toon hy tekens van vroeë Alzheimers en steek hierdeur 'n verdere grens oor van die bewustelike na verwarring.*
- ***Candice Amat*** *word groot in Blomnek, maar word deur omstandighede gedwing om in Parys te gaan woon. Eindelik vind sy 'n tuiste in haar huisie oorkant die rivier – nie deel van die dorp nie, maar ook nie meer deel van Blomnek nie. Ook sy moet verskeie emosionele grense oorsteek, by name haar liefde vir Walter oor die kleurgrens, haar vrees vir afhanklikheid van ander (sy is afstandelik omdat sy reeds op 'n jong ouderdom swaargekry het en op haar eie voete moes staan) asook die hereniging met haar eie gemeenskap – Jaco Nissen smeek haar dikwels om die kinders by haar huis toe te laat. Hy vra ook dat sy moet ophou om die latere afstand tussen haar en Walter so groot te hou; 'n grens wat sy selfs teen die einde van die roman steeds nie kan oorsteek nie.*
- ***Liora Papalato*** *woon in verskeie plekke: by name die volstruisplaas Finisterre waar sy grootword; die hoofstad Algiers waar sy gedurende die oorlog as verpleegster werk. Na die vlug uit Algerië woon en werk sy in Parys, Frankryk, as pluimbereider en kwalifiseer haar hier as meesterbereider voor sy uiteindelik Suid-Afrika toe kom. Nietemin word sy ook gekonfronteer deur die emosionele grense wat geplaas word op haar seksualiteit, haar verhoudings met ander mense en uiteindelik die grens van die dood. Liora is aan die uiterlike geoordeel 'n sterk, onafhanklike vrou, maar haar innerlike gevoelens is 'n warboel van onsekerhede en twyfel. In haar soeke na haar identiteit en die liefde loop haar verhoudings met ander telkens skeef en kan sy nooit die grens tussen haar omstandighede, vrees vir verwerping en ware liefde oorsteek nie. Gedurende die Via Dolorosa neem sy afskeid van hierdie wêreld en steek uiteindelik die grens tussen lewe en dood oor tydens haar fisiese, maar ook hoogs simboolgelaaide selfdood.*

Slot:
- Hoofpunte moet saamgevat word.

Op grond hiervan moet tot 'n gevolgtrekking gekom word of Liora Papalato uiteindelik die grens (waarna die aanhaling in die vraagstelling verwys) kon oorsteek.

Belangrik hier is dat kandidate self moet besluit wat (volgens hulle) hierdie grens sou wees.

OF

IEB Copyright © 2023

VRAAG 3 *Die verevrou* deur Jan van Tonder

***LW:* Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

Titel:
Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Jan van Tonder se roman Die verevrou [onderstreep in handgeskrewe teks] (2019) ...*
- **Formuleer onderwerp:** ... *word beide Liora Papalato en Candice Amat gekonfronteer met die liefde in verskeie vorme. Sommige van hierdie liefdesverhoudings is positief en gelaai met hoopvolle vooruitsigte, maar die meeste hiervan is destruktief van aard. Liora se ongesonde verhouding met haar pa, Emilio, asook die manipulerende liefde van Odette beteken dat sy haar vertroue in die mensdom reeds vroeg verloor. Hoewel Candice reeds vroeg 'n sterk vaderlike band ervaar, word haar liefde vir Walter reeds van vroeg af met vrees en afkeer geteken en sy bou hierdeur 'n afstand tussen haar en haar medemens. Hoewel Liora uiteindelik kies om haar lewe te beëindig, is daar 'n sweempie van hoop dat Candice en Walter dalk tog 'n toekoms het, maar belangriker nog is dat sy haarself weer kan oopmaak vir die liefde van die gemeenskap.*
- Vooruitwysing na hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrawe:
- Verskillende aspekte word bespreek.
- Elke paragraaf hanteer 'n aspek/raakpunt – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.

Moontlike aspekte wat bespreek kan word: (Hier word erkenning gegee aan die vele karakters wat oortuigend bespreek kan word, maar weens lengtebeperkings word daar slegs op die twee hoofkarakters gefokus.)

- ***Liora*** *en Emilio Papalato het 'n baie swak ouer-kind-verhouding en sy besef gou dat Emilio telkens iets van haar wegneem wat sy liefhet (Strusso en sy kuikens, Eugenio – haar eerste liefde). Sy maak 'n belofte dat mans haar nooit weer sal seermaak nie.*
- *Hoewel sy en haar ma dwarsdeur die roman 'n sterk ouer-kind-verhouding het, neem sy haar ma wel kwalik dat sy nie van haar ongenaakbare pa skei nie. Charlotte is egter streng Katoliek. Sy beskerm Liora teen Emilio wat 'n "chirurgiese oplossing" vir Liora se "andersheid" voorstel en sy glo Liora moet self besluit. Hoewel sy en haar ma dikwels van mekaar verskil, bly hulle verhouding enduit sterk en Liora is gebroke wanneer haar ma uiteindelik (kort na Moshe) sterf.*
- *Sy wens dat sy Moshe se kind was en hulle verhouding bly deurgaans sterk en liefdevol. Sy gebruik egter hulle verhouding om haar pa jaloers te maak as sy die brief wat hy jare tevore aan haar ma geskryf het as wapen teen hom gebruik.*
- *Dokter Odette Dubois leer Liora om haarself te aanvaar en nie net aan gevaar en die dood te dink nie, maar wanneer hulle mekaar jare later weer in Parys ontmoet, is Odette se neuroses, drank- en dwelmmisbruik en losse sedes net een te veel vir haar. Odette manipuleer vir Liora en lg. beskou hulle verhouding as "pluimdons voor die sirokko" (bl. 253).*

IEB Copyright © 2023

- *Met die soldaat Chrestien Blanc het Liora 'n baie spesiale en intieme verhouding. Nadat sy hom begin versorg het en haar stories oor Finisterre met hom deel terwyl hy aansterk na sy grusame verminking, spandeer hulle een uiters sensuele nag saam waarin twee gebroke mense mekaar vleeslik en geestelik kan ontdek en heelmaak. Hy stel homself ook in lewensgevaar as hy terugkeer na Finisterre om tante Alessa te probeer red – helaas te laat.*
- *Candice beskou Liora as 'n uiters interessante vrou. Wat begin as vriendskaps-verhouding ontwikkel later tot dié van leermeester en leerling. Liora raak uiteindelik verlief op Candice, maar toe haar liefde onbeantwoord bly, pleeg sy selfmoord.*
- ***Candice Amat** en haar pa, Lokman, het 'n uiters sterk verhouding – haar pa dra haar letterlik op die hande en neem haar oral saam wanneer sy werk dit toelaat. Hy wil graag hê dat sy later moet gaan studeer en, anders as haar ma Ymie, wat verwag dat Candice moet trou en kinders kry, koester hy grootse verwagtinge vir haar toekoms (ten spyte van die ongelyke samelewing waarin hulle hulself bevind). Hy keur ook die verhouding tussen Candice en Walter goed aangesien hy glo dat dit ware liefde is. Wanneer Lokman sterf, is Candice gebroke.*
- *Op 15-jarige ouderdom raak sy verlief op Walter Malan, die artistieke seun van 'n ryk boer op wie se plaas Lokman dikwels werk. Wanneer Walter egter sy liefde aan haar verklaar, kry hulle enorme teenstand – veral van Candice se ma. Candice raak swanger en Walter maak 'n beeld van haar en hulle ongebore kind waarop Walter se pa afkom. Hy is woedend en dring daarop aan dat Candice 'n aborsie moet kry. Toe Candice 'n miskraam het en die dermpie begrawe, bid sy dat Walter haar moet liefhê. Sy vlug oorsee waar sy onder meer modelwerk doen, maar Walter neem haar kwalik dat sy hom nie van die miskraam vertel het nie. Hy wag ses jaar dat sy moet terugkeer uit die buiteland.*
- *Hoewel hulle bly hunker na mekaar, hou Candice hom op 'n afstand. Haar stelte word 'n fisiese, maar ook veral 'n simboliese manier om hom van haar weg te hou.*
- *Haar liefde vir volstruisvere is die rede waarom Candice en Liora mekaar ontmoet (vriendskapsboodskap buite toerbus) en hulle smee 'n interessante vriendskap wat later gekompliseerd raak wanneer Liora op haar verlief raak.*
- *Candice se vriendskap met Vader Jaco Nissen, 'n Katolieke priester, bring vir haar vrede. Hy troos haar as Lokman sterf en probeer haar ook oortuig om nouer bande met veral die kinders van die dorp te smee. Hy erken egter later dat hy Candice liewer het as die kerk en word op sy versoek na 'n onbekende bestemming verplaas. Hy erken ook dat hy moontlik die rede was waarom Candice en Walter mekaar nie weer kon vind nie en vra haar om die dinge van die verlede te vergewe.*
- *Alhoewel Candice en Walter mekaar nodig het wanneer Richard (Sylvester en Clarissa Links se seun) vermis raak, bly hulle liefde vir mekaar steeds onbeantwoord aan die einde van die roman. Nietemin het Candice dit tog wel reggekry om haar regmatige plek in die De Rust gemeenskap, maar veral ook weer in dié van Blomnek, in te neem. Sy klim as't ware van haar stelte af en kan nou haar medemens in die oë kyk en van voor af leer liefkry.*

Slot:

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n gevolgtrekking gekom word of enige van hierdie karakters **ware liefde** in hulle volwasse lewe kon vind.

OF

VRAAG 4 *Die dag van die lord* deur Johan Kruger

***LW:* Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

Titel:
Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Johan Kruger se roman Die dag van die lord* [onderstreep in handgeskrewe teks] *(2015) ...*
- **Formuleer onderwerp:** ... *word die traumatiese geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Oorlog op 'n vindingryke manier opgesoek en geproblematiseer. Die fiksionele Andries Fourie beleef die nagmerrie van die Suid-Afrikaanse Oorlog as jong seun en word as weeskind agtergelaat. In alternatiewe hoofstukke fokus die roman op Andries Fourie as student in Duitsland en later as pupil in Londen waartydens hy sy wraak op (die werklike) lord Kitchener wil uitvoer. Maar dit is juis die sielestryd wat hy ervaar rondom hierdie vergeldingsdrang wat die kern van die verhaal bepaal. Hy word voortdurend aangevuur deur sy onthougoed en sy oorlogsdokumente (werklike historiese geskrifte) wat hom dryf om saam te gaan met die gesoute boerespioen, Fritz Duquesne, hier 'n herverbeelding van 'n werklike historiese figuur, se plan om die SA Oorlog te wreek. Uiteindelik word die leser self – vanuit hierdie herverbeelde, ware geskiedenis gekonfronteer met die wreedheid van oorlog en die individuele en kollektiewe skade wat daardeur aangerig word.*
- Vooruitwysing na hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrawe:
- Verskillende aspekte word bespreek.
- Elke paragraaf hanteer 'n aspek/raakpunt – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.

- *Historiese dokumente oor die geskiedenis word op feite en relikwieë/oorblyfsels gebaseer en behoort onemosioneel en onpartydig aangebied te word. Nietemin word dit meestal vanuit die perspektief van die oorwinnaar vertel. Fiksie het egter die vryheid om stem te gee aan diegene wat oorgelewer is aan die kantaantekeninge van die verlede. Dit vertel die stories van verloorders, of diegene wat die trauma daarvan eerstehands ervaar het.*
- *In* Die dag van die lord *word daar meestal gefokaliseer deur die jong seun, Andries Fourie, wat die gebeure van die SA Oorlog aan eie lyf gevoel het. Hierdeur word daar enorme simpatie en meegevoel by die leser geskep. Sy onskuldige geloof dat Christen-mense mos nie so sal optree nie, laat lesers opnuut die verskrikking van oorlog ervaar.*
- *Andries se hele gesin sterf as gevolg van die wreedheid en dié onregte asook die onsimpatieke manier waarop die lyding van mense in konsentrasiekampe hanteer is, word vertel vanuit die perspektief van 'n intelligente, dog naïewe, fokaliseerder.*
- *Na Andries se terugkeer na Yzervarkfontein waar hy deur die Erasmusse ingeneem word asook sy terugkeer na die puin van die pastorie sweer hy wraak tydens sy slingervelgooiery na die klipmens (Kitchener) wat verantwoordelik gehou moet word vir sy Verskroeideaardebeleid en die lyding van vroue en kinders in die konsentrasiekampe.*
- *Die roman begin egter waar Andries vir Frits Duquesne (sy samesweerder) ontmoet en soos hierdie plan vorm aanneem en Andries nader aan sy doelwit beweeg, word die verlede en die motivering vir sy wraak in afwisselende hoofstukke chronologies vertel by monde van 'n tienjarige Andries.*

IEB Copyright © 2023

- *Andries se "Oorlogsdokumente" (vervat as afsonderlike insetsels tussen hoofstukke) dien as verdere historiese bewyse van die onregte wat gepleeg is asook die vals inligting wat in Brittanje gepubliseer is. Sodoende word die leser stadig maar seker ingelig en verweef in sy oortuiging om Kitchener te vermoor. Die werklike geskiedenis word tersaaklik gehou as bewys van die verskrikking van die oorlog.*
- *Terselfdertyd werk die historiese hede en sy ontmoetings met veral tante Johanna en Jennifer as teenmiddel vir sy wraak en word die leser (net soos Andries) gekonfronteer met afwisselende emosies soos wat die parallelle vertellings Andries se sielestryd verbeeld.*
- *Hoewel Andries nooit werklik van sy planne afstand doen nie, is die historiese hede wel stelselmatig besig om sy oortuiging te problematiseer. As hy tante Johanna in Keulen ontmoet, probeer sy hom oortuig dat liefde die enigste gevraagde respons teenoor die onregpleger is. Die prediker in die vrede van St. Martin se kerk bepleit vergiffenis en later dring Jennifer ook daarop aan dat selfvergiffenis die eerste stap na heling is. Die feit dat hy vriende maak met Britse onderdane en op 'n Skotse meisie verlief raak, maak dinge selfs moeiliker in sy gemoed.*
- *Enkele hoofstukke fokaliseer wel op Fritz Duquesne waardeur hierdie karakter se doen en late voor en tydens die komplot vertel word. Die leser word hierdeur bewus gehou van die groter prentjie waarbinne Andries as pion gebruik word om Duquesne en sy Duitse trawante se planne te laat slaag. Werklike historiese gebeure (soos die sink van die Tennyson) word hierdeur ook vindingryk verweef in die verhaal om lesers gedurig daaraan te herinner dat ons hier met die werklike verlede te make het.*
- *As Andries (aan die hand van die poppemeester Duquesne) uiteindelik sy wraakplan tot uitvoering kan bring, bring dit geen berusting vir hom nie. En die prys wat hy moet betaal, is sy eie vryheid en belowende toekoms in die regte. Hy moet selfs sy eie identiteit verruil vir dié van die fiksionele Piet Nicaud ('n werklike alias van Fritz Duquesne).*
- *As Andries Fourie (as Piet Nicaud) in die heel laaste hoofstuk terugkeer na Pretoria om tante Johanna in 1943 op te soek, is dit weer tydens 'n oorlog (nl. die Tweede Wêreldoorlog). Hierdie enkele hoofstuk dien as 'n korrektief op die verspeelde jare wat Andries as vlugteling moes deurbring a.g.v. sy aandeel aan die komplot teen Kitchener. Duquesne is in 1942 gevange geneem en gevonnis tot 18 jaar gevangenisstraf vir sy spioenasie vir Nazi-Duitsland (dieselfde land wat aan hom die Ysterkruis vir dapperheid toegeken het) en Andries kan dit waag om na sy geboorteland terug te keer. Andries weet uiteindelik "Die gróót onreg is onvergeldbaar ... Dis ingeskape in die ondermaanse." Hierin word die leser daaraan herinner dat daar ook in hierdie oorlog die potensiaal bestaan dat menselewens verwoes gaan word en dat daar leeftye opgeoffer word aan vergelding. Nietemin is Jenny (en nou ook sy twee seuns) steeds aan sy sy.*
- *Sodoende word die uitspeel van die wraak op Kitchener eintlik 'n narratiewe meganisme in die ondersoek na, enersyds, die hoogs menslike drang na vergelding vir diepe onreg en, andersyds, heling, vergiffenis en liefde – 'n noodsaaklikheid vir ons menswees wat buite die bereik van tradisionele geskiedskrywing sou val.*

Slot:

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n gevolgtrekking gekom word hoe die **leser se ervaring** van die geskiedenis deur **historiese romans** soos dié geraak word.

OF

VRAAG 5 *Die dag van die lord* deur Johan Kruger

***LW:* Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

Titel:
Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Johan Kruger se roman* Die dag van die lord [onderstreep in handgeskrewe teks] *(2015) ...*

Formuleer onderwerp ... *verander Andries se siening en ervaring van liefde en vergiffenis dramaties. Gedurende sy onskuldige grootwordjare as pastorieseun in Bethal, glo hy in die allesomvattende liefde van sy gesin en God, asook die beskerming van die Heilige Gees. Na sy ervaringe in die konsentrasiekampe en die dood van sy hele gesin verleer hy hoe om liefde te ervaar en te gee. As hy tante Johanna in Keulen ontmoet, probeer sy hom oortuig dat liefde die enigste gevraagde respons teenoor die onregpleger is. Die prediker in die vrede van St. Martin se kerk bepleit vergiffenis en later dring Jennifer ook daarop aan dat selfvergiffenis die eerste stap na heling is. Tog is dit uiteindelik sy en Jennifer se liefde wat oorlewing moontlik maak.*

- Vooruitwysing na hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrawe:
- Verskillende aspekte word bespreek.
- Elke paragraaf hanteer 'n aspek/raakpunt – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.

Moontlike aspekte wat bespreek kan word:
- *Reeds in die titel word die einddoel, nl. om lord Kitchener uit die weg te ruim, aanhangig gemaak en met sy "onthougoed" en sy versameling oorlogsdokumente, hou Andries sy motivering hiervoor altyd naby. Hierdeur word die eksterne spanningslyn gedryf.*
- *Daarenteen is daar die oortuigings van diegene naaste aan hom, nl. tante Johanna, Tewie en Jennifer wat sy lewensuitkyk ingrypend verander en vertwyfeling saai in sy oortuiging dat Kitchener moet boet vir die verskrikking van die oorlog – hierin die interne spanningslyn.*
- *Uiteindelik is Andries (volgens die romangegewe) tot 'n mate verantwoordelik vir die dood van Kitchener, maar lesers word met die vraag gelaat of dit werklik die berusting vir dit waarna hy sy lewe lank uitsien, bring, en maak Andries se maxim van '"n oog vir 'n oog" geen moontlikheid oop vir vergiffenis of liefde nie.*
- *Die beweegredes en motivering vir Andries se vergeldingsplanne word stukkie vir stukkie in afwisselende hoofstukke aan lesers oorgedra deur die oë van 'n kind. Hierdeur word nie net die verskrikking van die kampe en ander oorlogsmisdade oorvertel nie, maar dit wek enorme empatie by lesers om dit uit die oë van 'n tienjarige seuntjie te beleef. Dit sou haas onmoontlik wees om nie begrip te hê vir Andries se vergeldingsdrang nie. Wanneer die moontlikheid oopgaan om deel van Duquesne se planne te word, is hy selfs gewillig om deel van die "Band of Boys" te word – sprekend van sy onwrikbare oortuiging dat hy homself op Kitchener wil wreek.*

IEB Copyright © 2023

- *Daarmee saam het Andries oor die jare sy "oorlogsdokumente" versamel wat hy telkens opsoek as hy onseker voel. Hierdie dokumente dien as herinnering aan die onregte wat gepleeg is gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog en daarmee saam ook aan die wanpersepsies en leuens wat versprei is oor die toestande in die kampe, veral aan die Britse parlement en publiek. Dit dra sterk by tot die regverdiging van sy wraaklus.*
- *Meer nog, Andries het ook sy "onthougoed" waardeur hy sy persoonlike verlies en pyn lewendig hou. Dié oorblyfsels van sy lewe het Andries gaan optel uit die puin van hulle verbrande huis op Bethal na die oorlog reeds verby is en hy by tante Marie en oom Flip op Yzervarkfontein gaan woon het. Toe reeds het hy sy onthougoed saam met sy oorlogsdokumente begin vertroetel en so die wraakvuur in sy hart gestook. So het Andries homself begin gereed maak vir die dag van die lord.*
- *Tydens sy gesprek met tante Johanna Brandt in Keulen word egter 'n alternatiewe beskouing gegee. Sy wil weet of hy dink dat wraak ooit regverdigbaar is. Sy het in haar dagboek wat sy met hom gedeel het, geskryf dat wraak die Here toekom. Andries verweer homself ook vanuit die Bybel dat daar ook staan "'n oog vir 'n oog". Hy glo dat die Katolieke 'n punt beet het, want sonder skuldbelydenis kan daar nie ware vergifnis wees nie. "Niemand het ooit aanspreeklikheid aanvaar vir die onreg wat gepleeg is nie, Kitchener die minste van almal. Dan is wraak geregverdig." (bl. 51) Maar tante Johanna wys hom daarop dat sy nie eers meer omgee of die Here die skuld sal delg nie: "Deur die onregpleger se dade van onreg vra hy eintlik, bedoeld of onbedoeld, bloot vir ons liefde. Belydenis van skuld het niks daarmee te doen nie. Belydenis is slegs nodig vir die heling van die onregpleger self." En later: "Die liefde is die enigste antwoord wat vir die slagoffer oorbly. Dit is sy pad na selfbehoud."*
- *Andries word dan ook hierdie uitweg gegee in die vorm van Jennifer Cameron op wie hy spoedig verlief raak. Sy baan gedeeltelik die weg vir hom om as offisier by die weermag aan te sluit en sodoende kan hy in die sensorkantore in Whitehall gaan werk waar hy nader aan Kitchener sal kan kom. Hy gebruik haar dus vir sy eie doeleindes. Maar soos die liefde dit wil hê, kompliseer sy dan ook sake. Sy is van Skotse afkoms en haar pa blyk ook in die spioenasiediens te wees. Meer nog, hy was in die Suid-Afrikaanse Oorlog.*
- *Die ander karakter wat Andries uitdaag in sy sienings is sy vriend, Tewie. Aangesien hy deurgaans daarteen moet waak dat hy (Andries) nie sy ware sienings laat deurskemer nie, moet hy die teenargumente van Tewie in stilte verduur. Tewie voel (op bl. 126): "Die verlede hoort tot die verlede. Vergewe sonder om te vergeet, soos generaal Smuts sê. Verbittering het niemand al ooit êrens gebring nie." Volgens Tewie is dit daarom juis hulle plig as deel van die Empire om hulle by Engeland te skaar in die oorlog waarin hulle hulleself nou bevind. "Die versoening tussen Boer en Brit moet nou voorkeur kry." Dit is juis hierdie oortuiging wat Andries sy plan gee rondom hoe hy in Kitchener se binnekring kan kom.*
- *Later, as Andries homself egter in die vrede van St. Martin se kerk bevind, praat die prediker "oor vergifnis, oor sewentig maal sewe, oor die draai van die ander wang." (bl. 164) Andries begin geweldige interne struweling beleef. "Verbittering is selfmoord, sê die man. Die verbitterde is die enigste een wat ly." En "God is liefde, kom die stem na hom toe aangesweef. Liefde bring vergifnis en vergifnis heling." Maar Andries vlug nadat hy voel asof hy mal word van die verwarring in sy gemoed.*
- *Uiteindelik dwing Duquesne hom egter om tot aksie oor te gaan en van daar af is geen omdraaikans nie. Hy ontglip persoonlike gevolge en uiteindelik moet Andries as verdagte in die dood van Kitchener al die gevolge dra en word hy 'n voortvlugtende, maar "Die gedagte aan Kitchener se dood laat Andries onaangeraak. Die verwagte bevrediging is geheel en al afwesig." Hy is nou nie net 'n slagoffer nie, maar ook 'n moordenaar van vriende en vermeende vyande en meer as ses honderd ander. Tante Johanna was reg – daar is geen berusting in vergelding nie.*

IEB Copyright © 2023

- *Jenny se woorde aan Andries in die tweede laaste hoofstuk hou moontlik die diepste insig in hierdie roman: "Vergifnis. Dit is wat dit genoem word," sê sy sag. "Dis te laat daarvoor." Dis lank stil voor sy weer praat. "Jouself. Eers moet jy jouself vergewe. Dit is die begin. Die res sal volg."*
- *Andries en Jenny kon uiteindelik wel 'n lewe saam met hulle twee seuns in Uruguay maak, maar alleenlik omdat hy uiteindelik weer moes leer dat (self)vergifnis en liefde die enigste manier is om pyn, vernedering en verlies te oorkom.*

Slot:
- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n gevolgtrekking gekom word oor hoe die liefde tussen Jenny en Andries, hulle **toekoms** beïnvloed.

IEB Copyright © 2023

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

VRAAG 6 NASIENRIGLYNE BY REDAKTEURSBRIEF

Inhoud:

Die redakteursbrief is die hoofartikel wat deur die redakteur van 'n tydskrif geskryf word. Dit lewer kommentaar oor een of meer sake wat in die publikasie gedek word. Dit kan die subjektiewe opinie of standpunt van die redakteur bevat. Dit kan wel verskillende perspektiewe op sake aandui.

- Spesifieke detail volgens vraag (hier die redakteursbrief vir buitelewetydskrif volgens gegewe voorblad).
- Die inleiding gee 'n duidelike aanduiding van waaroor die kommentaar gaan.
- Die inhoud word in logiese, samehangende paragrawe verdeel.
- Die teikengroep moet in gedagte gehou word.
- Lesers moet geïnspireer word om artikels in die tydskrif te gaan lees.
- Staaltjies of inspirerende waarnemings of lewensfilosofiese insigte maak hierdie tipe skryfstuk ryker.
- Aanhalings kan gebruik word.
- Prikkelende opskrif verskaf wat 'n aanduiding gee van die inhoud – wees skerp met woordspel, idioomverbuigings, alliterasie.
- 'n Redakteursbrief word onderteken deur die redakteur.

Styl en toon:
- Geselstrant, maar wil tog lesers inspireer om res van tydskrif te lees.
- Die styl is gewoonlik skerpsinnig en bevat stylfigure soos ironie, sarkasme, retoriese vrae, ens. om die skrywer se standpunt oortuigend oor te dra.

EN

Beantwoord VRAAG 7 of VRAAG 8

VRAAG 7 NASIENRIGLYNE BY DIE KLAGTEBRIEF (KEUSEVRAAG)

Inhoud: Volgens opdrag, nl. die **klagtebrief** wat een van die ouers aan die skoolhoof skryf om te kla oor die onderwyser se aandrang op die uitnooi van die hele klas na 'n private geleentheid by hulle huis. Inhoud sou o.m. die skoolhoof inlig oor die saak, detail verskaf waarom hulle glo hulle is onregverdig behandel en die hoof probeer oortuig om die onderwyser en die sogenaamde "reël" aan te spreek of ander moontlikhede binne gegewe.

Doel: Om die skoolhoof in te lig, te kla en te oortuig om die regte stappe te neem.

Toon en styl: formeel, ferm en ernstig dog beleefd.

Formaat: e-pos

Let daarop dat die inhoud van die **klagtebrief** drie afsonderlike dele het:
- 'n **Inleiding** wat die onderwerp van die klagte duidelik identifiseer.
- 'n **Liggaam** wat (a) die aard van die klagte eenvoudig en spesifiek verduidelik, en (b) die leser voorsien van al die inligting wat benodig word om 'n gepaste antwoord te gee.
- 'n **Slotsom** wat duidelik aandui watter aksies nodig is om die probleem reg te stel.

IEB Copyright © 2023

Voorbeeld:

Meneer/Geagte mnr./mev. Bekker

SWAK TOESTAND VAN WATER

Vanoggend vroeg, toe ek weer die krane in die badkamer oopdraai en daar, nes die afgelope drie dae, net vuil water by die krane uitloop, het ek besluit dit is die laaste strooi.

- *In die brief word oor iets gekla.*
- *Verduidelik die probleem.*
- *Gee alle inligting wat die ontvanger sal help om die probleem op te los.*
- *Omskryf die ongerief wat veroorsaak is/probleem wat ervaar word.*
- *Probeer die ontvanger aanspoor om die probleem so gou moontlik op te los.*
- *Dring aan op onmiddellike aandag.*
- *Spreek waardering uit vir aandag wat verleen sal word.*
- *Die taal, styl, toon en register is formeel. Wees hoflik, al is jy kwaad. Moenie die leser van die brief dreig nie.*
- *Skryf nugter en saaklik. Geen mooiskrywery nie.*

Ons hoop om so spoedig moontlik 'n antwoord te ontvang.

Die uwe
M Theron OF Martin Theron

Formaat van e-pos

AAN: c.bezuidenhout@vreemderasvreemdschool.com

Cc: j.bosman33@gmail.com — Opsioneel

Inhoudsopskrif

ONDERWERP: Onregverdige verwagtinge van skool rondom private partytjie

---

Geagte me. Bezuidenhout — Aanhef

Inhoud volgens vraag hierbo – aangebied in <u>paragrawe</u>.

Dankie vir u aandag. — Slotparagraaf (met 'n punt)

Die uwe
Linda (of Kobus) Bosman — Naam van afsender

VRAAG 8 NASIENRIGLYNE BY PROMOSIEKOPIE (KEUSEVRAAG)

Inhoud:
Promosiekopie is 'n kommunikasiewyse waarop bemarkers en vervaardigers hul teikenmark probeer oortuig om hul produkte te koop of om van hul dienste gebruik te maak.

Die volgende inligting moet êrens in die promosiekopie verskyn:

Wie/wat/waar/wanneer/waarom en *hoe?*

Styl en toon:
- Die toon en styl van promosiekopie is oortuigend, entoesiasties en tersaaklik.

Skeppende promosiekopie:
Die belangrikste dinge om tydens die skryf van promosiemateriaal te onthou, is:

- Wie is jou teikenmark?
- Wat wil die mark hê? Plaas jouself in die skoene van jou mark en beantwoord "Watter voordeel hou dit vir my in?" (WIIFM). Hier is 'n paar wenke oor hoe om dit te doen:
  - **Gebruik woorde en beelde wat jou teikenmark gebruik.** In wese wil jy jou mark se taal praat.
  - **Trek dadelik hul aandag.** Begin met 'n prikkelende kop wat direk tot jou mark spreek.
  - **Beloof iets aan jou teikenmark.** Dit is waar jy aandui wat vir hulle daarin steek. Verloor gewig! Betaal skuld! Koop dié produk!
  - **Gebruik woorde wat jou mark help om te sien en voel hoe jou produk of diens hulle sal help.** Die meeste mense koop a.g.v. emosie; die doel is dus vir hulle om te sien, te ervaar en te voel dat hul behoeftes bereikbaar is.
    Byvoorbeeld, hulle kan hulself in 'n bikini op 'n strand of woonplek sonder finansiële sorge in die wêreld sien.
- **Verduidelik hoe jou aanbod verskil van die kompetisie s'n.** Beklemtoon jou unieke verkoopsposisie.
- **Gee jou mark bewys dat dit wat jy belowe, waar is.** As jy getuigskrifte, navorsing of toekennings het om dit wat jy belowe te ondersteun, deel hulle.
- **Vestig jou geloofwaardigheid.** Laat verbruikers weet hoekom jy 'n geloofwaardige bron vir die produk of diens is – jy het die opleiding of ondervinding.
- **Lig jou waarde uit.** Laat mense weet hoekom jy die moeite of geld werd is.
- **'n Oproep tot aksie.** Wat wil jy hê mense moet doen wanneer hulle jou promosiemateriaal sien? Koop? Jou webwerf besoek en op 'n gratis aanbod reageer?
- **Bied 'n geld-terug-waarborg.** Verbruikers hou nie van besighede wat nie hul produkte of dienste waarborg nie. Dit bied ekstra geloofwaardigheid.

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2023

DRAMA en ROMAN – Inhoudsmatriks: PUNT uit 20

INHOUDSPUNT uit 20: Lees altyd van bo na onder om vlak/band te bepaal

Vlak	Inleiding, aanhalings, gevolgtrekking bepaal plek binne band	% EN PUNT
7+	**JA!!! ALMAL MOET DIT LEES!** 'n Intelligente brein is hier aan die werk. Onderwerp en argument tot nuwe vlak van interpretasie verhoog. Skok van genot. Teoretiese kennis gesofistikeerd. **FANTASTIES!/UITSTAANDE!**	90–100% 18–20
	Inleiding: *skep grootse verwagtinge + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: oorspronklik en oortuigend geïntegreer + ½* ***Gevolgtrekking:*** *stem tot nadenke en dieper/oorspronklike insig + ½*	Bv. 18 + ½ + 0 + ½
7	**JA! EK MOET HIERVAN ONTHOU!** Oorspronklik; verbeeldingryk; stem tot nadenke; baie goeie interpretasie van onderwerp; skerp insigte. Begrip van tekstualiteit. **WAARDIG/BAIE GOED**	80–89% 16–17½
	Inleiding: *skep afwagting + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: baie interessant en goed geïntegreer + ½* ***Gevolgtrekking:*** *toon dieper insig + ½*	
6	**JA! EK STEM SAAM!** Belowend, oortuigend, interessante interpretasie van onderwerp, nuwe perspektief, toon insig, maar tog nie genoeg vir Vlak 7 nie. **VERDIENSTELIK/GOED**	70–79% 14–15½
	Inleiding: *skep verwagting van goeie oortuigingsvermoë + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: goed gekies en geïntegreer in aanbieding + ½* ***Gevolgtrekking:*** *stem tot nadenke + ½*	
5	**JA.** Onderwerp begryp. Bogemiddeld, maar sonder sprankel en oorspronklikheid. Reproduksie van geleerde werk. **GEWOON/TOON SUBSTANSIE**	60–69% 12–13½
	Inleiding: *kandidaat neem standpunt in + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: ondersteun standpunt + ½* ***Gevolgtrekking:*** *noem hoe eie standpunt bewys is en onderstreep slotsom + ½*	
4	**JA ... WAT.** Inhoud korrek; dog oninspirerend. Wys potensiaal, maar nie ontwikkel nie. Begryp die onderwerp, maar onopwindend en soms onoortuigend. Voorspelbaar. **GANGBAAR**	50–59% 10–11½
	Inleiding: *vraagstelling herhaal, kies bloot kant, rigtingwysers onduidelik + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: raakpunte met standpunt aanwesig + ½* ***Gevolgtrekking:*** *gevolgtrekking uit vraag herhaal + ½*	
3	**MMM, Ja, maar EK WEET DAREM NIE ...** Idees baie voorspelbaar, tweedehandse respons (bv. volgens handleidings, maar misplaas). Onderwerp misverstaan en toon beperkte verbeelding. Min progressie van idees; swak argumentering; min bewys van beplanning. **ONDERGEMIDDELD**	40–49% 8–9½
	Inleiding: *verwys wel na vraag + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: aanwesig + ½* ***Gevolgtrekking:*** *hoewel nie volgens respons nie, maar wel volgens vraag + ½*	
2	**TELEURSTELLEND** Onoorspronklik; onrealisties; geen progressie van idees nie; foutiewe argumentering; onbeplan; verwarrend; respons verdien nie 'n slaagpunt nie. **ELEMENTÊR**	30–39% 6–7½
	Inleiding: *vraagwoorde genoem + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: waarneembaar, nie regtig sinvol nie + ½* ***Gevolgtrekking:*** *daar is 'n waarneembare einde + ½*	
1	**NEE!** Swak; tweedehands; kinderagtig/distorsie van teks; swak smaak; totale versinning; onverstaanbaar; verdien nie 'n slaagpunt nie. **ONGESLAAGD**	15–29% 3½–5½
	Inleiding: *waarneembaar + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: waarneembaar + ½* ***Gevolgtrekking:*** *waarneembaar + ½*	


IEB Copyright © 2023

DRAMA EN ROMAN: TAAL- en STYLMATRIKS: Punt uit 10							
TEGNIESE AKKURAATHEID **STYL en STRUKTUUR:** ***ARGUMENTEREND***	**7** Taalbeheer uitstekend. Woordeskat helder en gesofistikeerd. Lengte perfek. Byna foutloos.	**6** Begryp en pas grammatikale reëls gepas toe. Uitdrukkings-volle woordeskat. Lengte gepas. Netelige taalfoutjies.	**5** Goeie sins-konstruksie. Goeie woordeskat. Lengte gepas. Min taalfoute.	**4** Sinskonstruk-sie redelik. Woordeskat geskik. Lengte kan pla. Taalfoute begin betekenis beïnvloed.	**3** Teenstrydige skryfwerk. Woordeskat voorspelbaar of vol clichés. Lengte pla. Taalfoute pla.	**2** Meestal onsinnig. Woordeskat verbeeldingloos en soms foutief. Lengtevereiste is geïgnoreer. Herhaaldelike taalfoute.	**1** Geheel en al onsinnig. Onverstaan-baar. Lengtevereiste is heeltemal geïgnoreer. Verwronge idioom.
A+ Argumenterende styl versterk betekenis op uitnemende wyse. Register perfek vir akademiese idioom. Struktuur en samehang buitengewoon goed.	10	9½	9				
A Argumenterende styl ondersteun betekenis ten volle. Register uiters gepas vir akademiese idioom. Struktuur en samehang baie goed.	9	8½	8	7½			
B Argumenterende styl ondersteun betekenis. Goeie uitdrukkingsvermoë. Vloeiend. Register goed en deurgaans volgehou. Struktuur en samehang goed.	8	7½	7	6½			
C Argumenterend, maar nie volgehou nie. Register gepas, maar nie deurgaans volgehou nie. Duidelike struktuur, maar samehang ontbreek soms.	7	6½	6	5½	5		
D Neig tot oorvertel. Register dikwels nie volgens akademiese idioom nie. Struktuur nie deurgaans duidelik nie. Samehang minder geslaagd.		5½	5	4½	4	3½	
E Akademiese styl afwesig. Slegs vertelling. Cliché; herhalend. Onvanpaste register. Struktuur en samehang onduidelik.		4½	4	3½	3	2½	2
F Slordig, onsamehangend. Register totaal onvanpas. Struktuur en samehang feitlik afwesig.			3	2½	2	1½	1
G Swak; deurmekaar; onleesbaar. Register totaal onvanpas. Geen struktuur of samehang te bespeur nie.			2	1½	1	½	0

IEB Copyright © 2023

TRANSAKSIONELE SKRYFWERK NASIENMATRIKS

TOTAAL: 20 PUNTE (Inhoud, doel en teikengroep = 10 + styl, formaat, taalgebruik, woordeskat en register = 10)

VLAK EN PUNT		TRANSAKSIONEEL: INHOUD, DOEL en TEIKENGROEP (10)
Vlak 7+ Uitmuntend 9,5–10		**Inhoud** uitmuntend en volledig volgens opdrag. **Doel en teikenleser** voortdurend duidelik. Kreatief, relevant, sprankelend. Oorspronklike idees en pittige detail is uitstekend geïntegreer.
Vlak 7 Baie goed 8–9		**Inhoud** baie goed en volledig volgens opdrag. **Doel en teikenleser** voortdurend duidelik. Kreatief en relevant. Interessante idees en detail dra by tot sukses van skryfstuk.
Vlak 6 Goed 7–7,5		**Inhoud** gepas volgens opdrag. Relevant en volledig. **Doel en teikenleser** nie heeltemal volgehou nie. Opdrag korrek uitgevoer. Detail interessant. Diepte kom effens kort.
Vlak 5 Verdienstelik 6–6,5		**Inhoud** bevredigend volgens opdrag. Poging tot gepaste **doel** en inagneming van **teikenleser**. Af en toe steurende leemtes. Enkele interessante idees, maar eie stem en diepte kom kort. 'n Gemiddelde respons.
Vlak 4 Gangbaar 5–5,5		**Inhoud**: Kandidaat toon begrip vir opdrag. Probeer **doel en teikenleser** in ag neem. Poging nie heeltemal geslaagd nie. Respons baie gewoon en gemiddeld. Min sprake van eie stem en oorspronklikheid.
Vlak 3 Ondergemiddeld 4–4,5		**Inhoud** eenvoudig en verbeeldingloos. **Doel**: Poging om opdrag uit te voer nie heeltemal geslaagd nie. Min tekens van gepaste **teikenleser**. Afgesaag.
Vlak 2 Elementêr 3–3,5		**Inhoud** kom kort. Kandidaat het waarskynlik nie vraag en opdrag verstaan nie. **Doel**: Opdrag nie korrek uitgevoer nie. **Teikengroep** geïgnoreer. Beperkte respons in die algemeen. Kandidaat toon min insig in en kennis van opdragvereistes.
Vlak 1 Ontoereikend 0–2,5		**Inhoud, doel en teikengroep** toon min/geen tekens van begrip van opdrag nie. Selfs onsinnig. Kandidaat is duidelik nie in beheer van hierdie afdeling van skryfwerk nie. Kandidaat kan nie slaag nie.

IEB Copyright © 2023

TRANSAKSIONEEL: STYL, FORMAAT, TAALGEBRUIK, WOORDESKAT en REGISTER (10) 								
	Styl uiters gepas, selfs innoverend. Formaat absoluut korrek. Hoogs gesofistikeerde gebruik van taalkonvensies. Woordeskat en register uitstekend gekies volgens opdrag.	Styl deurgaans gepas. Formaat korrek. Gesofistikeerde gebruik van taalkonvensies. Woordeskat en register baie goed gekies volgens opdrag.	Styl gepas volgens opdrag. Formaat hoofsaaklik korrek. Taalkonvensies goed gebruik. Taal en sinsbou hoofsaaklik korrek. Register en woordeskat goed hoewel enkele foute voorkom.	Styl toon begrip vir opdrag. Formaat meestal korrek. Taalkonvensies en sinsbou toon soms foute. Register en woordeskat toon foute, maar genoegsaam vir 'n gemiddelde respons.	Styl en toon nie genoegsaam volgens opdrag nie. Formaat toon steurende leemtes. Taal en sinsbou toon lastige foute (begin betekenis beïnvloed). Register en woordeskat gewoon en algemeen. Heelwat foute.	Styl en toon dikwels foutief. Formaat toon baie foute en/of meestal onvanpas. Taal-, spel- en sinsbou swak. Register en woordeskat dikwels onvanpas.	Styl en toon onvanpas. Formaat onvanpas. Min begrip van korrekte register, woordeskat en taalfunksies. Ongeslaagd.	Styl en toon het geen verband met inhoud nie. Formaat heeltemal foutief. Geen begrip van korrekte taal- en/of register-konvensies nie. Geen moontlikheid van 'n slaagsyfer nie.
VLAK EN PUNT	**Vlak 7+ Uitmuntend 9,5–10**	**Vlak 7 Baie goed 8–9**	**Vlak 6 Goed 7–7,5**	**Vlak 5 Verdienstelik 6–6,5**	**Vlak 4 Gangbaar 5–5,5**	**Vlak 3 Ondergemiddeld 4–4,5**	**Vlak 2 Elementêr 3–3,5**	**Vlak 1 Ontoereikend 0–2,5**

Lengte: 250 woorde (Let op dat **lengtevereiste** deurgaans geld as deel van **formaat en styl**.) Indien lengtevereiste nie nagekom is nie, moet 'n **kategorieverskuiwing** gemaak word.

TOTAAL: 20 PUNTE (inhoud, doel en teikengroep = 10 + styl, formaat, taalgebruik, woordeskat en register = 10)

IEB Copyright © 2023